



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**MUSIEK V1**

**MODEL 2014**

**SENTRUMNOMMER:**

|  |  |  |  |  |  |  |  |
|--|--|--|--|--|--|--|--|
|  |  |  |  |  |  |  |  |
|--|--|--|--|--|--|--|--|

**EKSAMENNOMMER:**

|  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |
|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|
|  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |  |
|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|--|

**PUNTE: 120**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 1 bladsy manuskrippapier.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.
2. Beantwoord AFDELING A slegs met potlood op hierdie vraestel in die spasies wat voorsien word.
3. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E in blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Jy mag hierdie bladsy verwyder.
6. Jy mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
7. Gebruik die tabel op die volgende bladsy as 'n riglyn vir puntetoekenning en tydindeling wanneer jy die vrae beantwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**NASIENROOSTER**

| <b>AFDELING</b>                             | <b>VRAAG</b> | <b>PUNTE</b> | <b>TYD<br/>(minute)</b> | <b>NASIENER</b> | <b>MODERATOR</b> |
|---------------------------------------------|--------------|--------------|-------------------------|-----------------|------------------|
| <b>A: Musiekteorie</b>                      | 1            | 20           | 15                      |                 |                  |
|                                             | 2.1 or 2.2   | 15           | 25                      |                 |                  |
|                                             | 3            | 10           | 15                      |                 |                  |
|                                             | 4.1 or 4.2   | 30           | 25                      |                 |                  |
| <b>TOTAAL AFDELING A</b>                    |              | <b>60</b>    | <b>80</b>               |                 |                  |
| <b>B (VERPLIGTEND)</b>                      | 5.1          | 10           | 10                      |                 |                  |
|                                             | 5.2          | 10           | 10                      |                 |                  |
| <b>TOTAAL AFDELING A</b>                    |              | <b>20</b>    | <b>20</b>               |                 |                  |
| <b>C: Westerse<br/>Kunsmusiek<br/>(WKM)</b> | 6            | 10           | 15                      |                 |                  |
|                                             | 7            | 5            | 10                      |                 |                  |
|                                             | 8            | 5            | 10                      |                 |                  |
|                                             | 9            | 5            | 10                      |                 |                  |
|                                             | 10           | 15           | 35                      |                 |                  |
| <b>TOTAAL AFDELING A</b>                    |              | <b>40</b>    | <b>80</b>               |                 |                  |
| <b>D: Jazz</b>                              | 11           | 12           | 20                      |                 |                  |
|                                             | 12           | 5            | 10                      |                 |                  |
|                                             | 13           | 8            | 15                      |                 |                  |
|                                             | 14           | 15           | 35                      |                 |                  |
| <b>TOTAAL AFDELING A</b>                    |              | <b>40</b>    | <b>80</b>               |                 |                  |
| <b>E: Inheemse Afrika-<br/>musiek (IAM)</b> | 15           | 10           | 15                      |                 |                  |
|                                             | 16           | 5            | 10                      |                 |                  |
|                                             | 17           | 5            | 10                      |                 |                  |
|                                             | 18           | 5            | 10                      |                 |                  |
|                                             | 19           | 15           | 35                      |                 |                  |
| <b>TOTAAL AFDELING A</b>                    |              | <b>40</b>    | <b>80</b>               |                 |                  |
| <b>GROOTTOTAAL</b>                          |              | <b>120</b>   | <b>180</b>              |                 |                  |

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE****BEANTWOORD VRAAG 1, VRAAG 2.1 OF 2.2, VRAAG 3, VRAAG 4.1 OF 4.2.****VRAAG 1**

Bestudeer *Kgabo Mokgatla*, 'n tradisionele Setswana-werk vir koor en beantwoord die vrae wat volg.

## Kgabo Mokgatla

Traditional Setswana

1

(a)

Vraag 1.5

Vraag 1.10

(b)

6

Vraag 1.6

Vraag 1.10


(c)

11

Vraag 1.6

Vraag 1.10

(c)


- 1.1 Noem die toonsoort van hierdie stuk.  
\_\_\_\_\_ (1)
- 1.2 Noem die intervalle gemerk (a) en (b), byvoorbeeld majeur 3<sup>de</sup>.  
(a) \_\_\_\_\_  
(b) \_\_\_\_\_ (2)
- 1.3 Noem die tipe drieklank by (c), byvoorbeeld vergrote drieklank.  
(c) \_\_\_\_\_ (1)
- 1.4 Noem die mees prominente ritmiese middel wat in hierdie stuk gebruik word.  
\_\_\_\_\_ (1)
- 1.5 Herskryf die basparty van maat 1 en verdubbel die nootwaardes. Onthou om 'n nuwe toonmaatteken in te voeg.
- 
- \_\_\_\_\_ (3)
- 1.6 Transponeer die tenoorparty in maat 13 'n majeur tweede hoër en skryf dit in die tenoorsleutel oor. Voeg 'n nuwe toonsoortteken in.
- \_\_\_\_\_ (4)
- 1.7 Skryf die melodiese mineurtoonleer van die verwante mineurtoonsoort van hierdie stuk, op- en afgaande in die altsleutel. Gebruik 'n toonsoortteken, heelnote en dui die halftone aan.
- \_\_\_\_\_ (4)
- 1.8 Skryf die volgorde neer waarin die vokale partye in hierdie stuk intree.  
\_\_\_\_\_ (2)
- 1.9 Watter tipiese Afrika-musiek-sangstyl word in hierdie stuk gebruik?  
\_\_\_\_\_ (1)

1.10 Noem die kadens in maat 8.

(1)  
[20]**BEANTWOORD VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.****VRAAG 2.1**

Gebruik die aanvangsmotief hieronder en voltooi 'n twaalfmaatmelodie in ABA-vorm vir fagot of tromboon of tjello. Dui die instrument aan waarvoor jy skryf en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: \_\_\_\_\_



Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING                      | PUNTE-TOEKENNING   | KANDIDAAT SE PUNT |
|---------------------------------|--------------------|-------------------|
| Vorm en kadenspunte             | 3 (3 x 1)          |                   |
| Musikaliteit                    | 10                 |                   |
| Dinamiek en artikulasie         | 3 (3 x 1)          |                   |
| Korrekte notasie                | 10 (1 per maat)    |                   |
| Instrument en toepaslike omvang | 4                  |                   |
| <b>TOTAAL</b>                   | <b>30 ÷ 2 = 15</b> |                   |

[15]

OF

**VRAAG 2.2**

Gebruik die aanvangsmotief hieronder en voltooi 'n twaalfmaatmelodie in ABA-vorm vir fluit, klarinet, viool, kitaar of marimba. Dui die instrument aan waarvoor jy skryf en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

Instrument: \_\_\_\_\_



Die melodie sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING                      | PUNTE-TOEKENNING   | KANDIDAAT SE PUNT |
|---------------------------------|--------------------|-------------------|
| Vorm en kadenspunte             | 3 (3 x 1)          |                   |
| Musikaliteit                    | 10                 |                   |
| Dinamiek en artikulasie         | 3 (3 x 1)          |                   |
| Korrekte notasie                | 10 (1 per maat)    |                   |
| Instrument en toepaslike omvang | 4                  |                   |
| <b>TOTAAL</b>                   | <b>30 ÷ 2 = 15</b> |                   |

**[15]**

**VRAAG 3: ANALISE**

**BEANTWOORD AL DIE VRAE IN DIE SPASIES WAT OP DIE PARTITUUR VOORSIEN WORD.**

Bestudeer die uittreksel uit *Tema en Variasies* deur Petrus Lemmer en beantwoord die vrae.

Voorbeeldantwoord:

Petrus Lemmer

(a)

(g)

(b)

(h)

(h)

(c)

(d)

Kadens (e)

Antwoord:

(j)

(k)

(i)

Kadens (f)

Antwoord:

(i)

- 3.1 Besyfer die akkoorde gemerk (a)–(d) op die partituur. Let op die voorbeeldantwoord in maat 1. (4)
- 3.2 Noem die kadense by (e) en (f). (2)
- 3.3 Noem die tipe nie-harmonienote by (g)–(i). Skryf die antwoorde in die spasie wat op die partituur voorsien word, byvoorbeeld (m) terughouding. (3)
- 3.4 Watter komposisietegniek word by (j) en (k) gebruik? (1)
- 
- [10]**

**BEANTWOORD VRAAG 4.1 ÓF VRAAG 4.2.****VRAAG 4.1**

Voltooi die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en basparty by te voeg. Jy sal punte ontvang vir die kreatiewe gebruik van nie-akkoordnote.

Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING                                                                                          | PUNTE-TOEKENNING              | KANDIDAAT SE PUNT |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------|-------------------|
| Korrektheid: notasie, stemvoering, verdubbeling, spasiëring (14 akkoorde)                           | 14<br>(Minus ½ punt per fout) |                   |
| Akkoordprogressie: keuse van akkoorde (12 progressies)                                              | 12<br>(Minus ½ punt per fout) |                   |
| Algemene indruk (korrekte gebruik van deurgangsnote en terughouding sal met ½ punt elk beloon word) | 4                             |                   |
| <b>TOTAAL</b>                                                                                       | <b>30 ÷ 2 = 15</b>            |                   |

**[15]****OF**

**VRAAG 4.2**

Voltooi die stuk deur geskikte harmoniese materiaal in die bassleutel by te voeg. Maak seker dat jy binne die styl van die gegewe materiaal bly.

Die harmonisering sal volgens die volgende riglyne nagesien word:

| BESKRYWING                                                 | PUNTE-TOEKENNING                           | KANDIDAAT SE PUNT |
|------------------------------------------------------------|--------------------------------------------|-------------------|
| Korrektheid: notasie, stemvoering, spasiëring (8 akkoorde) | 8<br>(Minus ½ punt per fout)               |                   |
| Akkoordprogressie: keuse van akkoorde                      | 16 (2 per maat)<br>(Minus ½ punt per fout) |                   |
| Algemene indruk                                            | 6                                          |                   |
| <b>TOTAAL</b>                                              | $30 \div 2 = 15$                           |                   |

**[15]****TOTAAL AFDELING A: 60**

**Beantwoord die vrae in die volgende AFDELINGS in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.**

**ALGEMENE MUSIEKKENNIS: AFDELING B (VERPLIGTEND) EN AFDELING C OF D OF E**

**AFDELING B (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5**

5.1 Vyf opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 5.11 E.

5.1.1 Die beste definisie vir Alberti-bas: 'n Spesifieke tipe ...

- A gebroke-akkoord-patroon wat in 'n Barok-ensemble voorkom
- B gebroke-akkoord-patroon wat in blues voorkom
- C gebroke-akkoord-patroon wat in Klassieke klavierbordmusiek voorkom
- D blok-akkoord-patroon wat in 'n Romantiese simfonie voorkom
- E gebroke-akkoord-patroon wat in koormusiek voorkom (1)

5.1.2 Watter instrument uit die volgende lys assosieer jy met ragtime?

- A Fluit
- B Kontrabas
- C Orrel
- D Klavier
- E Klarinet (1)

5.1.3 Watter EEN van die volgende is NIE 'n styl wat in Suid-Afrika ontstaan het NIE?

- A Isicathamiya
- B Disko
- C Kwaito
- D Mbaqanga
- E Kwêla (1)

5.1.4 Hard bop is ...

- A 'n uitbreiding van bebop wat blues en gospelmusiek insluit.
- B 'n jazzstyl wat uit bebop ontstaan het en wat uitgebreide verwerkings bevat.
- C 'n tipe jazz wat rock- en funk-elemente vermeng.
- D 'n jazzstyl wat byna uitsluitlik spontaan is.
- E 'n genre wat hard rock inkorporeer. (1)

- 5.1.5 Die ritmeseksie van 'n tipiese swing-orke (‘swing band’) bestaan uit ...  
A 'n klavier, kitaar en baskitaar.  
B tromme, 'n kitaar en kontrabas.  
C 'n klavier, kitaar, baskitaar en tromme.  
D 'n klavier en tromme.  
E 'n klavier, tromboon, saksofoon en baskitaar. (1)
- 5.1.6 Watter EEN van die volgende instrumente is 'n niemelodiese Afrika-instrument?  
A Mbira  
B Beesklokke  
C Xhosa-boog  
D Koedoehoring  
E Marimba (1)
- 5.1.7 Watter EEN van die volgende is NIE die verantwoordelikheid van SAMRO NIE?  
A Beskerm die regte van komponiste wie se werk uitgevoer word  
B Neem regstappe teen kopiereg-oortreders  
C Betaal tantième aan hul lede  
D Beskerm die gebruik van uittreksels van lede se musiek  
E Administreer 'n pensioenfonds namens sy lede (1)
- 5.1.8 Watter EEN van die volgende stellings is NIE 'n vereiste om 'n lid van SAMRO te word NIE?  
A Jou musiek moet opgeneem wees.  
B Jou musiek moes al uitgesaai geword het.  
C Jy moes 'n bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek gelewer het.  
D Jou musiek moes al buitelandse blootstelling gehad het.  
E Jy moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees. (1)
- 5.1.9 Watter EEN van die volgende vormstrukture hou GEEN verband met tradisionele Afrika-musiek NIE?  
A Strofiese vorm  
B Minuet- en trio-vorm  
C Vraag en antwoord  
D Vraag en refrein  
E Gemengde strukturele vorm (1)
- 5.1.10 Watter tipe tonaliteit beskryf die klank van tradisionele Afrika-musiek die beste?  
A Uitgebreide tonaliteit  
B Atonaliteit  
C Diatoniek  
D Bitonaliteit  
E Chromatiek (1)

- 5.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 5.2.11 K.

| KOLOM A |             | KOLOM B |                                                      |
|---------|-------------|---------|------------------------------------------------------|
| 5.2.1   | Klavesimbel | A       | Gespeel deur die hele orkes-ensemble                 |
| 5.2.2   | Diatonies   | B       | Beklemtoon swak polse in 'n maat                     |
| 5.2.3   | Beweging    | C       | 'n Kort melodie wat oor en oor herhaal word          |
| 5.2.4   | Backbeat    | D       | Tradisionele instrument van die Shona-mense          |
| 5.2.5   | Ostinato    | E       | Een koor wat deur 'n ander koor beantwoord word      |
| 5.2.6   | Mbira       | F       | Beklemtoon die eerste en derde polse van 'n 4/4-maat |
| 5.2.7   | Sinkopasie  | G       | Vinnige jazz met ingewikkelde harmonie               |
| 5.2.8   | Tutti       | H       | Barok                                                |
| 5.2.9   | Antifonaal  | I       | Onafhanklike seksies van 'n groot werk               |
| 5.2.10  | Bebop       | J       | Natuurlike tone van die toonleer                     |

(10 x 1) (10)

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**BEANTWOORD AFDELING C OF D OF E.****AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)****VRAAG 6**

- 6.1 Watter karakter verteenwoordig 'goed' en watter een verteenwoordig 'kwaad' in *Die Zauberflöte*? Beantwoord die vraag in 'n volsin. (2)
- 6.2 Skryf die TWEE Italiaanse terme (en hul betekenis) neer wat die tempo van die ouverture tot *Die Zauberflöte* aandui. (2)
- 6.3 Skryf die ander titel van Mendelssohn se *Fingal's Cave Overture* neer. (1)
- 6.4 Gee TWEE redes waarom Beethoven se *Simfonie Nr. 6* beskou kan word as 'n nuwigheid in die standaard simfoniese literatuur van die tyd. (2)
- 6.5 Gee TWEE redes waarom daar na Beethoven se *Simfonie Nr. 6* verwys word as 'n 'pastorale' werk. (2)
- 6.6 Wat is die titel van Beethoven se ander simfonie, anders as die *Pastorale*, waarvoor hy self 'n titel gegee het? (1)
- [10]**

**VRAAG 7**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die instrumentasie van die Mannheim-orke en enkele voordragetgnieke wat deur die Mannheim-skool ontwikkel is, bespreek. **[5]**

**VRAAG 8**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die rol van die karakter Papageno in Mozart se opera, *Die Zauberflöte*, bespreek. **[5]**

**VRAAG 9**

Beskryf in jou eie woorde die slottoneel van die tweede bedryf van *Die Zauberflöte*. Fokus op die musiekgenres en nie die verhaal nie. **[5]**

**VRAAG 10**

Skryf 'n opstel oor die belangrikheid van Beethoven as 'n simfoniese komponis. Fokus op die volgende aspekte:

- Bydrae tot die genre
- Styleienskappe
- Spesiale verwysing na *Simfonie No. 6*

Punte sal toegeken word vir die aanbieding in opstelformaat en goed gemotiveerde inhoud. **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**OF**

**AFDELING D: JAZZ****VRAAG 11**

- 11.1 Gee 'n kort beskrywing van *marabi*. (2)
- 11.2 Gee 'n kort beskrywing van *kwêla*. (2)
- 11.3 Noem TWEE kwêlakunstenaars wat bekend is vir hul penniefluitjie-vaardighede. (2)
- 11.4 Waarom is die penniefluitjie hoofsaaklik in kwêlamusiek gebruik? (3)
- 11.5 Wat is *mbaqanga*? (1)
- 11.6 Hoe en waar het mbaqanga ontwikkel? (2)
- [12]**

**VRAAG 12**

Waarom beskou ons The Jazz Epistles as 'n belangrike deel van Suid-Afrika se jazz-geskiedenis? **[5]**

**VRAAG 13**

Skryf 'n paragraaf waarin jy die oorsprong van Cape Jazz bespreek. **[8]**

**VRAAG 14**

Skryf 'n opstel oor die belang van Chris McGregor vir Suid-Afrikaanse jazz. Fokus op die volgende:

- Sy werk met The Blue Notes
- Sy werk met The Brotherhood of Breath
- Sy invloed op die ontwikkeling van jazz
- Noem TWEE van Chris McGregor se werke.

Punte sal toegeken word vir die aanbieding in opstelformaat en goed gemotiveerde inhoud. **[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**OF**

**AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)****VRAAG 15**

- 15.1 Hoe het Sello Galane Kiba uit die etniese tradisie verwyder? (2)
- 15.2 Wat word hierdie tipe Kiba genoem? (1)
- 15.3 Watter van die volgende kunstenaars is NIE 'n oorspronklike lid van die Malombo-orkes ('Malombo band') NIE? (1)
- Phillip Tabane
  - Abbey Cindi
  - Joseph Shabalala
- 15.4 Watter instrument is kenmerkend van Malombo-musiek? (1)
- 15.5 Noem die kunstenaar wat in samewerking met Ladysmith Black Mambazo die styl isicathamiya populêr gemaak het. Noem ook die album wat hulle opgeneem het. (2)
- 15.6 Noem die TWEE hoof- styleienskappe van maskanda. (2)
- 15.7 Watter EEN van die volgende style klink die minste tradisioneel? (1)
- Isicathamiya
  - Mbaqanga
  - Maskanda
- [10]**

**VRAAG 16**

Skryf 'n kort paragraaf waarin jy die geskiedenis van Ladysmith Black Mambazo kortliks bespreek. **[5]**

**VRAAG 17**

Bespreek die rol van die leier in 'n isicathamiya-groep. **[5]**

**VRAAG 18**

Beskryf die maskanda-kitaartegniek kortliks. **[5]**

**VRAAG 19**

Skryf 'n opstel oor vroeë mbaqanga (1960's). Fokus op die volgende aspekte:

- Algemene inligting
- Styleienskappe
- Spesiale verwysing na *Tsotsi* deur die Boyoyo Boys

Punte sal toegeken word vir die aanbieding in opstelformaat en goed gemotiveerde inhoud. **[15]**

**TOTAAL AFDELING E: 40**  
**GROOTTOTAAL: 120**

**HOU HIERDIE BLADSY BLANKO.**

